# KOERSVAS

Jaargang 12 Uitgawe 231
18 Oktober 2024

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto

**In hierdie uitgawe:**

**Redaksioneel: Ewe-maat van tyd**
**Berigte: Beplanning 2025**
**Hofsaak**
**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

**Ewe-maat van tyd**

Vandag is môre se gister. Vandag is gister se môre. Verskillende perspektiewe op dieselfde oomblik. Die onstuitbare mars van tyd deur ons lewens is universeel tot mens-wees. Met reëlmaat volg dag op nag, week op week, jaar op jaar. Op hierdie meetbare en voorspelbare verloop van tyd, speel ons ervarings en optredes opmerkbaar in.

Ons ervaar nie almal tyd dieselfde nie. In die verskillende fases van ons bestaan, ervaar en bestuur ons tyd ook verskillend. Vir die tienjarige is een jaar radikaal anders as vir die een wat tagtig jaar onder die blad het. Wanneer daar 'n keerdatum is vir iets om voltooi te word, gaan die verloop van tyd te vinnig wees vir die een wat agter is met die taak, en sleep vir die een wat klaar is en moet wag om in te handig. Ons is nie almal dieselfde nie; die stadige werker het meer tyd nodig as die een wat kan raakvat. Daar is selfs diegene wat vinnig kan werk, maar so baie foute maak en moet regmaak, dat hulle eindelaas meer tyd gebruik! Weeksdae sleep voort, naweke vlieg verby!

Jongmense voel meer aangetrokke tot die toekoms, ouer mense voel affiniteit tot die verlede.

Die hartseer is myns insiens dat ons in ons omgaan met tyd, vandag afskeep. In ons dag-tot-dag bestaan staan ons oral behalwe rustig in die hier en nou. Ons vergeet van die bede om vandag se brood.

Jongmense se toekoms lê oop. Dit trek en rig . Al is dit net die volgende vakansie of die einde van laerskool of die einde van skool, of die begin van 'n volgende fase. In die proses van voorberei of ten minste vere regskud, kom jongmense by die punt van "ek kan nie wag vir ... nie".

Ouer mense kan so vasgevang raak in die "goeie ou dae" dat hulle niks het aan vandag en die uitdagings en vreugdes van die huidige nie.

Besighede, gemeentes en enkelinge is nou in die beplannigsfase vir 2025. Dit maak jou eintlik moeg om die volgende jaar deur te leef en te beplan, net om die kalender betyds in plek te kan kry. Ons kyk dikwels pragmaties (en nie in diepe nabetragting nie) na die verlede en dink hoe ons dinge anders kan gaan aanpak, eerder as om kosbare lesse en ervarings te oordink en die goeie van gister toe te eien.

Vandag word dan in die prosesse net die oorgangsfase tussen gister en môre, eerder as die plek waar ons is, lewe en bly. Die toekoms word al hoe gouer ingetrek, al hoe meer is ons dood vir die kosbare oomblik waarin ons is. Kom ons illustreer dit aan die hand van Kersfees.

Winkels het reeds teen die einde van September begin om kersversierings uit

te pak op die rakke en te bemark. Daar was 'n tyd toe middel November die begin van die bemarking vir Kersfees versierings en geskenke was. Hierdie reklame prosesse sal spoed optel en teen middel November sal dit Kerkfees wees net waar jy kyk. Teen middel Desember sal jy nêrens kersversierings sien nie; die 'terug-skool-toe' seisoen begin dan. Skaars sal die skole oop wees en die Valentyn- tema sal oorneem. Dalk maar bly wees dit begin nie al net na Nuwejaar nie!
Hierdie reik na die toekoms beteken dat jy dinge al hoe vroeër moet begin aanpak en dat jy teen die tyd van die gebeurtenis al moeg is vir die tema. 'n Gesonde uitsien na sekere gebeure is wonderlik, maar hierdie lewe vir môre het ons nou gebring waar vandag nie meer veel beteken nie. Die Latyn spreekwoord 'carpe diem' (gryp die dag) moet weer onthou word, maar op 'n ander manier.
Dit gaan nie net oor die geleenthede van die dag te sien en aan te gryp nie, dit gaan daaroor dat ons sal besef ons het net vandag. Enige toekomsgerigtheid wat maak dat ons nie stilstaan by vandag nie, maak ons armer as wat ons kan dink.
Elke dag het sy eie uitdagings. Om te lewe in die oomblik, berei jou voor vir môre en gee dieper betekenis aan gister.
Lewe na jou bede; met een oog op gister (dankbaar vir dit wat ons ontvang het), een oog op môre (self-toerusting vir gebeurlikhede) en met jou voete vierkantig geplant in elke oomblik.

Dr. J Otto

# BERIGTE

## BEPLANNING 2025

Die bestuur het die voorgestelde Kalender vir 2025 gefinaliseer. Die datums is beskikbaar gestel vir alle gemeentes. Neem kennis dat die **Predikante beraad** deur alle predikante bygewoon word.

## HOFSAAK: REGSREKENING

Gemeentes moet bewus wees dat elke gemeente se regsrekening versend is. U word versoek om die rekening so gou doenlik te betaal.

## HOFSAAK: INLIGTING

Hierdie inligtingsessie van 26 Oktober 2024 te Meyerspark is van uiterste belang en ons versoek gemeentes sowel as Verenigings dringend om afgevaardigdes te stuur na hiérdie gesprek.
By hierdie byeenkoms sal die huidige regsposisie breedvoerig verduidelik word en daar sal geleentheid gebied word aan gemeentes en verenigings om eerstehandse terugvoer na afloop van die onlangse appèlhofuitspraak te kry. Die Regs- en Finansiële komitees van die GHG sal tydens hierdie byeenkoms ook vrae oor onderskeidelik die pad vorentoe sowel as die finansiële implikasies aanspreek.

Neem asb. kennis van die volgende ter voorbereiding van hierdie byeenkoms:
1. Ons regspan se regsrekening is tot op datum betaal uit die regsfonds. Gemeentes/ verenigings betrokke by hierdie regsrekening het onlangs 'n skrywe in hierdie verband vanaf die Finkom ontvang wat hulle verantwoordelikheid ten opsigte van die regskostes aandui.
2. Die appèlhof uitspraak het ook ‘n kostebevel teen die verenigings gemaak.

Dit beteken dat die verenigings ook vir die regskostes van die NHKA vanaf die September 2022 hofsaak tot met die appèlhof saak moet instaan.

3. Hierdie regskostes van die NHKA moet eers tydens 'n taksasie verhoor gefinaliseer word. Betaling sal daarna moet geskied.

4. Die taksasie kan meer as ‘n jaar neem. Ons het met ander woorde tyd.

5. Die hofsaak begin nou weer van voor af in die hooggeregshof met ‘n nuwe regter wat dit sal aanhoor. Die verhoor datums hiervoor moet nog bepaal word.

6. Die “van voor af begin” beteken nuwe regskostes. Nuwe strategieë van die NHKA se kant beteken dat ons nie weet wat dit impliseer nie.

7. Ons moet planne beraam om weer ons regsfonds op te bou sodat daar ‘n gesonde balans kan wees om enige NHKA uitdagings die hoof te bied.

8. Ons stry saam in volharding vir dit waarvan ons oortuig is.

Inligtingsessie vind plaas:

Datum: Saterdag, **26 Oktober 2024**

Tyd: 10:00

Plek: Hervormde Kerk Meyerspark Hoewe 15 Havelockstraat, Wilgerpark, Pretoria

GPS: S25°44'27.34"; E28°19'54.97"

# KENNISGEWINGS

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

Kalenders

Kwitansieboeke

Offergaweboeke

Dames Kwitansieboeke

Konsistorieboeke

Reklame-plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com


## Volkshulp2000

(NPO 004-086)

Volkshulp2000 is 'n geregistreerde, nie-winsgewende welsynsorganisasie wat al vir meer as 30 jaar na hulpbehoewende volksgenote omsien. Volkshulp2000 ontvang geen hulp van die staat of buitengewoon groot ondernemings nie. Ons is ten volle afhanklik van donasies en ander skenkings (soos produkte, klere en meubels) deur volksgenote. Hulpbehoewende volksgenote se getalle neem toe. Gesinne, kinders en bejaardes is slagoffers van omstandighede buite hulle beheer. Ons doen 'n beroep op volksgenote om ons te help om hierdie toenemende nood te bestry.

**Belastingsertifikate is op aanvraag beskikbaar.**

**Straatadres:** Steadlaan 246,
Queenswood, Pretoria

**Tel:** 012 755 8201/2

**Posadres:** Posbus 11824,
Queenswood, 0121

**Vonkpos:** bestuur@volkshulp.org.za

**Bankbesonderhede:**
Tjekrekeningnommer ABSA 10176514,
Takkode: 623 005

Volkshulp 2000

MET SAAMWERK SAL ONS STREEF OM TER EER VAN GOD TE LEEF